

16 JUNIE

SKRIFGEDEELTE: 2 SAMUEL 6  
FOKUSGEDEELTE: 2 SAMUEL 6:12b-15

### Dien die Here met ontsag en vreugde

Dien jy die Here met *vreugde*, *lus* en *liefde*? Het jy regtig *ontsag* vir Hom?

Dawid het *ontsag* vir die Here gekry toe Ussa dood neerslaan toe hy gegryp het om te keer dat die ark van die wa afval. Toe die ark drie maande later finaal Jerusalem toe kom, het die Leviete die ark gedra soos die Here voorskryf het. Elke ses tree het hulle offers gebring. Só het hulle hulself voor God verootmoedig.

Ons moet ons ook voor God verootmoedig, omdat ons as sondaars in die wêreld gekom het en elke dag ons sondeskuld groter maak. Ons verbly ons omdat Jesus Christus ons sonde uitgewis het deur Hom aan die kruis te offer. Ons verheug ons oor sy heiligheid wat ons toegereken word. Sy verdienste is die bron van die *vreugde* wat ons diens aan die Here moet kenmerk.

Dawid het, met net 'n skouerkleed aan, in uitbundige vreugde gehuppel en gedans. In die proses Hy het hy hom voor die mense ontbloot. Sy vrou Mikal het hom verwyt dat hy hom nie soos 'n waardige koning gedra het nie. Vreugde kan hand uitruk. Ons vrees vir die oorskryding van die perke van die behoorlikheid wat pas by die Here se kind wat God se eer bo alles stel, mag nooit die vreugde in ons diens aan Hom demp nie.

Danksy Christus en sy verdienste kan ons die Here dankbaar en met ontsag dien, maar tog ook met vreugde. Die Heilige Gees bewerk en balanseer ontsag én vreugde.

*Sang: Psalm. 111:1 (2001-omdigting, bl. 555)*

*Ds Johan Jordaan (Kimberley)*